

## SINODE 2019 OORSIG

Sinodegangers was dit eens dat Sinode 2019 'n atmosfeer en gees met 'n verskil gehad het. Deurlopende treffende simboliek, spiritualiteitsessies met aangrypende lofprysing het bygedra tot 'n stemming van gewydheid en geestelike verryking. Breda Ludik van die NG gemeente Helderberg het dit soos volg verwoord: "Dit was vanjaar anders by die sinode. Aanvanklik was dit moeilik om presies te sê wat anders is, maar algaande het dit duidelik geword: Daar is 'n deurlopende bewusheid van die teenwoordigheid van God, meer as voorheen. Die dag is opgebreek in kleiner momente wat versprei is deur die hele dag – hier 'n gebed, daar 'n paar liedere, dan weer 'n oomblik van stilword voor ons Here. En so word die sinode toe 'n liturgie, 'n vyf-daglange erediens. En so is ons deurlopend bewus gehou van die Here se wonderlike teenwoordigheid."

Die tema van vanjaar se sinode was **Volg Jesus met Waagmoed** en elke dag het 'n spesifieke tema gehad met deurlopende ondersteunende spiritualiteitsessies. Maandag is gewy aan **VERWONDERING** en Gielie Loubser neem die gehoor op 'n terugbliek oor wat tydens die afgelope vier jaar deur die verskillende taakspanne en diensgroepe vermag is. Die SinodeNuus is saamgestel om verhale en getuienis te deel oor die beweging van God in ons midde en hoe ons God daarin volg. Stories is vertel oor vrouebediening, nuwe gemeenteontwikkeling, predikantebegeleiding en publieke getuienis. Die nuwe tweeling-verhoudings tussen NG Gemeentes en gemeentes in Khayalitsha het die sinode in verwondering gehad. Daarmee saam het Nioma Venter van Diaconia vertel van hulle nuwe ooreenkoms met Badisa. 'n Unieke eenstopdiens vir vroeëkindontwikkeling genaamd Little Seeds in die Wes-Kaap het daaruit voortgespruit, 'n nuutskepping en wonderwerk wat God aan die oprig is. Daar is ook begin met die verkiesing van die moderatuur en dit was met vreugde dat Nelis Janse van Rensburg (Welgemoed-gemeente) as moderator verkies is, Nioma Venter (PSD Diakonia) as assessor en Charl Stander (Parke-gemeente in Kraaifontein) as aktuaris.



Dinsdag se tema was **VEROOTMOEDIGING** en tydens die eerste sessie word daar gesels oor menswaardigheid. Die **waardes van die sinode** is bevestig om elke tafel: *"Ingenooi deur God en daarom een in die Gees en gelyk langs Christus, wil ons sensief en respekvol wees teenoor: Verskillende theologiese vaardighede, verskillende geslagte, verskillende seksuele oriëntasies, verskillende kulture, verskillende rasse, verskillende klasse, verskillende liggaamlike vermoëns, verskillende geestestoestande, verskillende ouderdomme. Ons wil dit wys in: Hoe ons praat, hoe ons na mekaar kyk, hoe ons aan mekaar raak, hoe ons luister. Hier toe verbind ons ons"*. Die direkteur van die Stellenbosch Bestuurskool, Piet Naudé, beklemtoon dat die kerk 'n belangrike rol in die ekonomiese speel. Op sy kenmerkende manier het die harde feite en realiteit waarin ons kerk is, uitgelig. Kobus Odendaal stuur die tafelgesprekke na ekologie deur die vraag te vra: "Wat het ons met die aarde aangevang?" Die Taakspan vir Ras-en-Versoening kyk na die uitdagings van gemeenteweес in 'n tyd soos hierdie, terwyl Braam Hanekom vyf kritiese areas uitlig wat ons toekoms as kerk gaan bepaal. Die saakgelastigde Bossie Minnaar kom aan die woord oor verantwoordelike rentmeesterskap en die bepaling van die sinodale aandeel, aanwending van reserwe fondse. Hy gee ook 'n oorsig oor die aktiwiteite van die Sinodale Diensgroep vir Ondersteuningsdienste se onderskeie taakspanne. Dit was ook aangenaam om die nuutaangestelde kommunikasiebestuurder, Ronelda Visser te verwelkom. Francois Herselman (Parow Panorama-gemeente) is gedurende die dag as die nuwe skriba aangewys en Nadia Marais (Stellenbosch Welgelegen-gemeente) as die eerste addisionele lid.



Woensdag se dagtema was **VERTROUDE**. Frederick Marais het die dag ingelei met die nuwe bedeling vir theologiese opleiding, terwyl Elna Mouton uitgebrei het oor die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit wat onlangs in Wellington geopen is. Die regskommissie het onder leiding van Charl Stander en Quintus Heine die sinode gehelp om die belangrikheid en waarde van 'n sinodaal-presbiteriale stelsel te verstaan. Hier is ruimte gebied om die funksionering en belangrikheid van die onderskeie ampte van die kerk te belig. Die sinode het die voorgestelde reglemente goedgekeur. Gemeentes kan na die afloop van die Algemene Sinode op die uitkyk wees vir die nuwe reglementebundel wat saam met die Kerkorde sal verskyn. Tydens hierdie sessie is Michelle Boonzaaijer (Brackenfell kry die regte naam van die gemeente hier) verkies as die tweede addisionele lid van die moderatuur. Die



verslag van die moderamen het gehandel oor die 16 fokusareas waaraan die moderamen die afgelope vier jaar aandag geskenk het. Die omvang van hierdie verslag dui op die hoë gehalte werk, deursettingsvermoë en toewyding wat daar in die sinode is. Van die hoogtepunte in die verslag was evangelisasie, die rol van millennials in die kerk, leierskapsontwikkeling, ekologie, kerkeenheid en selfdegeslagverhoudings. Pieter van der Walt en Heerden van Niekerk hou hierna 'n omvattende verslag van STLAS se werk oor selfdegeslagverhoudings aan die sinode voor. Die kern van die verslag handel oor identiteit, eenheid, liggaamlikheid en geregtigheid. Na indringende tafelgesprekke en besprekings is die volgende besluit goedgekeur:

1. Die sinode neem kennis dat 'n toenemende aantal gemeentes aan die hand van STLAS se gespreksmateriaal en versoekes, gesprekke oor selfdegeslagverbintenis begin voer het en dat dit tot groter begrip vir mekaar se standpunte gelei het.
2. Die sinode neem verder kennis dat gemeentes, ongeag die posisie wat ingeneem word, daarin slaag om:
  - 2.1 met integriteit, openheid, broosheid en respek aan die gesprek deel te neem,
  - 2.2 waardering te kry vir die kompleksiteit en sensitiwiteit van die saak,
  - 2.3 te besef dat dit uiteindelik oor die lewens en menswaardigheid van mede-broers en -susters in Christus gaan.
3. Die sinode neem kennis dat verskille in die kerk ten opsigte van Skrifhantering en Skrifuitleg in hierdie saak tot 'n vasgelooptheid in die gesprek gelei het, en dat voortgaande besinning oor verantwoordelike Skrifuitleg steeds nodig is.
4. Die sinode bely egter dat die eenheid van die kerk gefundeer is in 'n eenheid met Christus en die belydenisgrondslag, en dat hierdie eenheid nie verbrokkel wanneer daar oor Skrifhantering en Skrifuitleg ten opsigte van hierdie saak verskil word nie, maar verryk en verdiep word.
5. Die sinode is verbind tot 'n voortgaande en nederige diepe luister na mekaar, met respek vir mekaar se uiteenlopende benaderings, Skrifhantering en hermeneutiek.
6. Die sinode moedig gemeentes aan om voort te gaan met die skep van gesprekruimtes vir gesonde geloofsonderskeidende gesprekke oor hierdie (en ander) teologies-etiese kwessies, en toe te sien dat:
  - 6.1 hierdie ruimtes inklusief en divers bly;
  - 6.2 nie oor ánder te praat nie, maar eerlik en broos vanuit die eie posisie, en
  - 6.3 daar werklik erns gemaak word met die Woord van God.
7. Die sinode respekteer kerkrade se reg om geloofsonderskeidende gesprekke in hulle eie kontekste te voer en moedig kerkrade aan om deurdagte en verantwoordelike besluite te neem.
8. Die sinode moedig kerkrade aan, om by die aanwysing van persone in die ampte, lidmate se:
  - 8.1 doop, belydenis, roeping, spiritualiteit en getuienis van leer en lewe,
  - 8.2 toegang tot die sakramente,
  - 8.3 integriteit van verhoudings, en
  - 8.4 geskiktheid vir die spesifieke rol in ag te neem
  - 8.5 ongeag ras, geslag, klas of seksuele oriëntasie en -identiteit.
- Prosesvoorstel vir die Algemene Sinode
9. By die legitimasie van teologiese studente, moet die studente se:
  - 9.1 doop, belydenis, roeping, spiritualiteit en getuienis van leer en lewe,
  - 9.2 toegang tot die sakramente,
  - 9.3 integriteit van verhoudings, en
  - 9.4 teologiese- en bedieningsvorming in ag geneem word, ongeag ras, geslag, klas, of seksuele oriëntasie en -identiteit.

Donderdag word volgens die tema 'n reis van **VERBEEFLDING**. Anriëtte de Ridder het die sinode op 'n smaaklike reis van verbeelding en kreatiwiteit oor Jeugbediening gelei. Die gesprek oor die kerk van die toekoms saam met jong volwassenes het sinodegangers uitgedaag om tydens die tafelgesprekke met vindingryke voorstelle vorendag te kom wat kan help om die kerk van die toekoms te vorm. Nioma Venter het die gesprek verder geneem en die realiteit van kerkwees in 'n land wat daagliks nood het, uitgebeeld. 'n Aangrypende dokumentêr is gemaak oor hoe die kerk 'n spiraal van hoop vir elkeen in nood is. Die harde feite oor aardverwarming, klimaatsverandering en ekologie is verder belig deur Prof. Bob Scholes van WITS Universiteit. Hy het die sinode gehelp om te besef dat elke gelowige 'n getuienisrol kan speel in die wyse waarop ons die aarde beskerm. Gustav Meyer het die sinode se fokus geskuif na "Vars Maniere van Kerkwees" en vertel waar geloofsgemeenskappe gevorm word in baie unieke situasies. Die dag is verder in verbeelding geneem toe Pieter van der Walt, Gielie Loubser en Karlien Becker'n nuwe produk vir evangelisasie bekend gestel het. "VERTEL: Dra die Goeie nuus" is werlik goeie nuus vir gemeentes en die wêreld. Dit wil gemeentes



help om met vertroue, nuwe motivering en goeie vaardighede die goeie nuus van die evangelie met ander mense te deel. Gemeentes kan Bybel-Media kontak vir meer inligting. Die dag is afgesluit met nuwe verbeelding oor theologiese opleiding. Die eerste kerkraadslid wat verkies is tot die moderatuur is Riana Furniss (Tulbagh-gemeente).

Die laaste dag se tema was **VERBINTENIS**. Die laaste sake is afgehandel en Hendri Niehaus (Boesmanland-gemeente) is verkies tot die tweede addisionele kerkraadslid van die moderatuur. Daarna is begin met die gesprek oor kerkeenheid. Nelis Janse van Rensburg het die totstandkoming van die tussen-orde verduidelik. Dit is 'n dokument wat deur die Algemene Sinode van die NG Kerk sowel as die Algemene Sinode van die VGKSA goedkeur is. 'n Kopie (Pilgrimage to Unity) is aan elke gemeente uitgedeel. Dit stel kerkrade, gemeentes, ringe en sinodes in staat om te kan verenig. Die sinode het die volgende besluit oor kerkeenheid goedgekeur:

Die Sinode besluit om:

1. sy diepe spyt uit te spreek oor die feit dat die NG Kerk se huidige kerkregtelike bedeling dit onmoontlik maak vir die sinode om die Belydenis van Belhar as 'n vierde belydenisskrif kerkregtelik te aanvaar.

Die Sinode besluit om:

2. die Belydenis van Belhar by hernuwing te onderskryf omdat dit:

2.1 sy oortuiging en identiteit verwoord,

2.2 gelowiges inspireer om die evangelie te beliggaam in al ons verhoudings.

Die Sinode besluit ook om:

3. die tussen-orde (van die VG Kerk in Suider-Afrika en die NG Kerk) te benut om dringend die eenheid tussen die NG Kerk in Wes-Kaapland en die VGKSA (Kaapland) te implementeer, deur:

3.1 gemeentes aan te moedig om met VGK-gemeentes in gesprek te tree oor eenheid en met behulp van die tussen-orde te verenig; ringe aan te moedig om, met behulp van die tussen-orde, met hul naasliggende VG Kerk-ringe te verenig;

3.2 ringe aan te moedig om, met behulp van die tussen-orde, met hul naasliggende

VG Kerk-ringe te verenig;

3.3 bestaande verenigde ringe aan te moedig om formeel hulle eenheid te bekragtig in terme van die tussen-orde.

4. Die sinode spreek die wens uit om ons verhouding met die VGKSA (Kaapland) te verinnig en versoek die moderatuur om met die VGKSA (Kaapland) se leierskap in gesprek te tree oor die moontlikheid om op sinodalevlak met die VGKSA (Kaapland) te verenig deur:

4.1 die besture en taakspanne van die diensgroepe/bedieninge van die onderskeie kerke se werksaamhede saam te voeg;

4.2 die moderamen van die Sinode van Wes-Kaapland en die Sinodale Kommissie van die VGKSA (Kaapland) gesamentlik te laat vergader.

4.3 die moderatione van beide kerke word versoek om ondersoek te doen na die moontlikheid om oor vier jaar saam sinodesitting te hou.

4.4 die moderamen te versoek om, waar daar sulke vergaderings gehou word, deurgaans in gesprek te wees met gemeentes wat verenig het, en op die eenheidspad is.



Dit was deurgaans tekenend van die sinode hoe die waardes sinodegangers gehelp het om 'n veilige ruimte om tafels en in gesprekke te vorm. Gesprekke oor 'n verskeidenheid van temas is gevoer. Sommige was makliker en ander meer uitdagend. Die waardes, die verbintenis aan mekaar en die waagmoed om die Here te volg het ook die sinode gehelp om die volgende besluit te neem:

1. Die sinode erken:

1.1 dat daar kerkrade en predikante is wat nie hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig nie,

1.2 dat daar ook kerkrade en predikante is wat wel hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig.

2. Die sinode wil graag die ruimte wat in Besluit 25 van hierdie vergadering vir almal geskep word, om volgens hulle oortuiging op te tree, bevestig.

3. Die sinode besluit om gemeentes in te lig dat die Algemene Sekretaris van die Algemene Sinode met die Departement van Binnelandse Sake oor die registrasieprocedure vir die bevestiging van burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag in gesprek is, ten einde uitvoering te gee aan die 2015-besluit van die Algemene Sinode.

4. Die sinode versoek die Saakgelastigde om gemeentes in te lig wanneer die registrasie afgehandel is.

5. Die sinode dra dit aan STLAS op om 'n formulier te ontwikkel vir die bevestiging van burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag.

6. Die sinode

6.1 betreur dat die verloop van die debat en die besluite in die kerk die afgelope jare lidmate verwarr en seergemaak het;

6.2 vra gay-lidmate en hulle families wie se menswaardigheid wetend en onwetend misken is, uitdruklik om verskoning vir die pyn wat hulle in die kerk beleef het;

6.3 verbind hom daartoe om in die gees van Besluit 25 ruimtes te skep vir gesprek waarin almal se menswaardigheid gerespekteer word.

7. Die sinode bedank gay-lidmate wat volgehou het met waagmoedige en konstruktiewe gesprekke in die kerk.

8. Die sinode dra dit aan STLAS op om voort te gaan met studie oor die huwelik en menslike seksualiteit met die oog op terugvoer aan die volgende sinode.

Die sinode is afgesluit met 'n nagmaalsgeleentheid waar elkeen met die ontvang van die brood en wyn herinner is dat ons aan God behoort. Nadat die sinode die volgende verbintenis gemaak het, is sinodegangers terug na hul huise, gemeentes, gemeenskappe en leefwêreld om Jesus te volg met waagmoed!

### Verbintenis Sinode 2019

Ons is in verwondering oor die verlossende werk van die Vader en die Seun en die Gees in ons gemeenskappe

en hoe God ons deel maak daarvan as kerk.

In verootmoediging waag ons om eerlik te wees oor ons vrees en huiwering.

Ons vertrou met broosheid die evangelie van die lewende Here Jesus Christus by wie daar geen onderskeid is tussen mense.

Ons verbind ons om verbeeldingryk as gestuurdes aan God se helende werk deel te neem tot florering van sy skepping, wetende dat die Gees vir ons pleit met onuitspreeklike versugtinge.



### Die nuutverkose moderatuur

Agter: Nelis Janse van Rensburg, Charl Stander, Francois Herselman, Hendri Niehaus, Nadia Marais (inlas)

Voor: Nioma Venter, Michelle Boonzaaier, Riana Furniss